

Saterdag 24 Februarie

Skrifgedeelte: Hosea 12:1-7 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Hosea 12:7

Vier dinge wat ons geseënd laat lewe

Mense doen soms verkeerde, dom, dwase dinge. Die gevolg is dat ons lewe verskrimpel en uitmekaarval soos 'n wilgerboom sonder water. Moedswillige, hardnekkige sondes verwyder ons van God se goedheid en seëninge. Ons loop ons in 'n haak-en-steekbos vas, en ons kan nie daar uitkom nie. Dit steek oral!

Juda, byvoorbeeld, het God *wispelturig* gedien, dus net wanneer hulle Hom nodig gehad het (vs 1). Maar aan die *afgode was hulle getrou*. Hoekom? Ja, omdat hulle hoop op die afgode gevestig was (vs 7). Dis dwaas! Daarom gaan die Here hulle tug, na Hom teruglei (vs 3).

Efraim (Tien Stamme) aan die ander kant, *is vals, jaag wind na, nogal die vernietigende oostewind* (vs 1, 2). Daarby *lieg* en *bedrieg* hy oral. Hierdie agterbaksheid was tipies van Jakob, hulle voorvader (vs 4, 5). Die nageslag volg dikwels die voorgeslag se voorbeeld!

Hoe kom 'n mens uit die haak-en-steekbos van 'n dwase lewe? Wel, Hosea maak in vers 7 bekend dat ons vier dinge moet doen:

- *Keer terug na die Here, jou God*
- *Jy moet die Here alleen liefhê*
- *Ken en gehoorsaam sy gebooie*
- *Stel jou hoop op God alleen*

Hoe sal ons dit vermag? In hoofstuk 14:5 gee Hosea die antwoord: *Ek* (die Here) *sal hulle ontrou genees. Ek sal hulle van harte liefhê*. In Christus gaan ons Vader ons genadig wees, ons verander om waarlik sy getroue kinders te wees. Dan sal ons gelukkig en geseënd leef (14:6 ev.).

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 6

Dr. NP (Klasie) Heystek (Emeritus)